# Hoofstuk van die dag: 1 Johannes 5

> *Daar is dus drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen. (vers 7-8)*

Johannes het hierdie brief begin deur te wys op sy betroubaarheid as ooggetuie (1 Joh 1:1-3). Aan die einde van

sy brief kom hy terug na dié tema. Die getuies wat hy roep om te bevestig dat God deur Jesus aan ons die lewe skenk, is goddelik: die water (Jesus se doop, waar God self verklaar het dat Jesus sy geliefde Seun is, Mark 1:9-11), die bloed (sy kruisdood) en die Gees. Dié drie getuies bevestig onweerlegbaar dat God deur Jesus aan ons die ewige lewe skenk.
Baie mense glo hulle sal eendag in die hiernamaals die ewige lewe ontvang. In 'n sekere sin is dit natuurlik waar. Maar Johannes is gou om ons te verseker dat ons nie vir eendag hoef te wag nie. Wie die Seun het, het die ewige lewe (vers 12). Daarom kan ons met vrymoedigheid voor God leef. Hy hoor en verhoor ons gebede (vers 14-15). Daarom kan ons ook seker weet dat die duiwel nie 'n houvas op ons het nie (vers 18).
Dít is uiteindelik ons troos in lewe en in sterwe: dat ons aan God behoort (HK vraag 1).

*NB*: Ons begin (DV) môre met die boek Daniël.


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026